## Sosiale Media Beleid van Huppelhoekie Kleuterskool

Sosiale media bring die kleuterskool met ouers en die gemeenskap in verbinding en bou verhoudings met die publiek asook met die breër gemeenskap van Rustenburg. By Huppelhoekie word die gebruik van sosiale media aangemoedig en die belangrikheid daarvan erken, solank dit lei tot die verbetering van die skool se beeld. Moderne tegnologie is 'n effektiewe vorm van kommunikasie en moet benut word.

### Facebook

Huppelhoekie se Facebook blad is daargestel om ouers deel te laat voel van hulle kinders se dag by die kleuterskool en om hoogtepunte van gebeure by die kleuterskool met u as ouers en die breër gemeenskap te deel. Dit word noukeurig gemonitor deur die administrateurs en foto's en videos wat deur die personeel geneem word, word gereeld op die blad geplaas asook inligting aangaande gebeure by die skool. Ouers word egter verseker dat:

- geen onsmaaklike opmerkings of foto's deur die administrateurs op Huppelhoekie se amptelike blad geplaas sal word nie;
- die adminstrateurs poog om alle kinders van tyd tot tyd te plaas op die blad;
- die adminstrateurs geen leerder op sosiale media sal plaas indien die ouer die teendeel versoek het nie.

Indien u oulike gebeure of foto's het om te deel is u welkom om dit aan die administrateurs te stuur vir plasing. Geen foto's, advertensies of "tags" mag op Huppelhoekie se Facebook blad gepaas word nie en persone wat hulself hieraan skuldig maak, sal geblok word.

### WhatsApp groepies en selfoongebruik

Ouers moet asseblief kennis neem van die volgende reëls wat vir personeel geld ten opsigte van selfoongebruik en WhatsApp groepies by Huppelhoekie:

- Alhoewel WhatsApp groepies 'n doeltreffende manier van kommunikeer is, is daar egter sekere etiese en wetlike (POPI) aspekte hieraan verbonde en word die gebruik daarvan deur die bestuur verbied. Personeel mag wel inligting aan ouers 'broadcast".
- Personeel is reeds gewaarsku om GEEN WhatsApp groep vir 'n klas te stig om so inligting aan ouers te kommunikeer nie. Personeel wat hierdie reël oortree weet dat hul geen ondersteuning van die bestuur moet verwag indien die groepie in haar gesig ontplof nie.
- Geen personeellid is verplig om haar persoonlike telefoonnommer aan ouers te verskaf nie en is dit uitsluitlik haar besluit of sy wil of nie.
- Personeel mag nie hulle selfone tydens werksure gebruik nie. Dit impliseer dus ook dat u as ouer nie personeel op hulle selfone kan kontak met navrae nie en veral hul nie mag verkwalik indien hulle u nie terug antwoord nie!


### Youtube videos

Huppelhoekie plaas geen video opnames op Youtube nie. Dit kan egter gebeur dat video opnames van leerders op Youtube geplaas word deur ander instansies/persone geneem tydens buitengewone/spesiale gebeurtenisse soos bv. TV optredes, prestasie toekennings of deelname aan aktiwiteite van ander instansies – veral pom-pom optredes by funksies. Huppelhoekie het derhalwe geen beheer oor hierdie plasings nie en kan nie verantwoordelikheid daarvoor neem nie.

### Konsert, Oupa en Ouma Dag en Babbelbekkie

Neem kennis dat indien u nie toestemming gee dat u kind op sosiale media mag verskyn nie, die leerder ook nie in die skool se jaarblad opgeneem mag word of aan die konsert en Oupa en Ouma Dag sal kan deelneem nie.

Ek ______________________________ ouer van ______________________________



- neem kennis van bogenoemde Sosiale Media Beleid van Huppelhoekie en gee hiermee
- toestemming / nie toestemming nie ***(onderstreep)*** dat foto's en videos van genoemde leerder deur die Huppelhoekie Administrateurs op Huppelhoekie se amptelike sosiale media netwerke geplaas mag word.
- Ek stem verder toe dat foto's wat reeds op sosiale media geplaas is as bemarkingsmateriaal gebruik mag word.

____________________________ ____________________________

Handtekening Datum

## Die mis/gebruik van Sosiale Media

Sosiale media is reeds so deel van ons daaglikse bestaan dat ons soms vergeet dat daar risiko's bestaan in die gebruik daarvan. 'n "Onskuldige" opinie of inskrywing op Facebook of WhatsApp kan nadelige gevolge inhou. Sosiale media is nie 'n private gesprek nie, en menings en opinies wat u daarop uitspreek kan verreikende gevolge hê!

99% van Huppelhoekie se Facebook gebruikers respekteer dit en geniet die kinders en foto's saam met ons, maar soos orals is daar die 1% wat misbruik maak van WhatsApp groepies en Facebook (ingesluit persoonlike blad en publieke bladsye) om hulle ontevredenheid teenoor die skool/ opvoeders/ bestuur/ sisteem bekend te maak en sodoende ander ouers op te stook en die kleuterskool, skoolbestuur en personeel swart te smeer en te beskinder.

U as ouer word hiermee versoek om die eer en reputasie van die kleuterskool en die integriteit van ons personeel te help beskerm. U moet versigtig wees wat u op sosiale media plaas aangesien inligting verdraai kan word en maklik verprei kan word om verkeerde persepsies te laat posvat onder ouers en die algemene publiek. Om te voorkom dat u uself nie blootstel en om moontlike regstappe te voorkom, word ouers versoek om probleme eerder direk met die opvoeder in die klas of met die hoof uit te sorteer.

Wanneer daar valse inligting versprei word op sosiale media wat die naam van die kleuterskool in gedrang bring, of die integriteit van die personeel aantas, sal daar nie gehuiwer word om regtens teen so 'n persoon op te tree nie. Waar individue hulself die reg toe-eien om van sosiale media gebruik te maak om probleme aan te spreek of uit te lig, stel dit onbillike optrede daar wat die kleuterskool sowel as betrokke personeel net tot nadeel kan strek. Die skoolbestuur sal nie skroom om personeel se integriteit en waardigheid te beskerm waar dit op onregverdige en onbehoorlike wyse gekrenk en aangetas word nie.

Enige landsburger se vryheid om 'n opinie uit te spreek is nie onbeperk nie. Die nuwe kultuur wat ontstaan het van "name and shame" wat veral op Facebook kop uitsteek, kan jou duur te staan kom. "Subtiele" verwysings sonder die werklike noem van die persoon/skool/ instansie het presies dieselfde gevolg as die direkte noem van die persoon/ skool/ instansie se naam. Ons regstelsel beskerm die reputasie en eer van persone en instansies. Ouers word aangemoedig om die vrymoedigheid aan die dag te lê om klagtes of selfs net 'n bekommernis met die skoolbestuur te deel. Dat daar van tyd tot tyd probleme gaan opduik is 'n realistiese verwagting. Probleme kan op 'n volwasse manier bespreek en uitsorteer word. Huppelhoekie het 'n uitstekende personeelkorps, wat ook maar soos elkeen van ons, foute begaan. Probleme en klagtes sal objektief ondersoek word en op 'n professionele en kundige wyse met inagneming van die belange van alle betrokkenes, hanteer word.

Ek __________________________________________ (naam en van) neem kennis van bogenoemde skrywe.

____________________________ ____________________________

Handtekening Datum

